

# Personeelkamer Opening

## 10. Oor splinters en balke

'n Jong paartjie het nuut ingetrek in die woonbuurt. Die volgende oggend terwyl hulle besig is om ontbyt te eet, sien die jong vroujie, deur die kombuisvenster, die buurvrou terwyl sy buite wasgoed op die draad ophang.

“Daardie wasgoed is nie baie skoon nie,” sê sy. “Sy weet nie hoe om behoorlik te was nie. Miskien moet sy 'n beter waspoeler gebruik,” Haar man het die petalje net dopgehou maar het nie 'n woord gesê nie.

Elke keer wanneer die buurvrou haar wasgoed ophang om te droog, het die jong vroujie dieselfde aanmerkings gemaak oor die wasgoed.

Omtrent 'n maand later was die jong vroujie uiters verbaas om te sien dat die wasgoed wat vandag op die draad is pragtig skoon vertoon. Sy sê toe aan haar man, so tussen die ontbyt deur, “Kyk, dit lyk my sy het geleer hoe om die wasgoed behoorlik te was. Ek wonder wie het haar dit geleer.”

Die man antwoord toe, “Ek weet nie maar ek het vanoggend vroeg opgestaan en ons vensters skoongemaak.”

Is dit nodig om nog iets verder te sê?

### **Toepassing:**

Mat 7:3 En waarom sien jy die splinter in die oog van jou broeder, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie? Of hoe sal jy vir jou broeder sê: Laat my toe om die splinter uit jou oog uit te haal, en kyk, in jou eie oog is die balk! Geveinsde, haal eers die balk uit jou oog uit, en dan sal jy goed sien om die splinter uit die oog van jou broeder uit te haal.

Kom ons wees versigtig om te oordeel oor mense en omstandighede waarvan ons niks weet nie. Dinge is nie altyd soos dit lyk nie. Kom ons vra die Here om ons harte te gee wat werklik hoor en sien.